

God of Mammon?



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Psalm 33:6–9; Mattéüs 19:16–22; 1 Petrus 1:18; Hebreërs. 2:14, 15; Eksodus 9:14; Psalm 50:10.

Geheueteks:

“Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.” (*Filippense 2:9–11*).

God spaar nie woorde om Sy siening van ‘n oorbehepteid met geld en materiële dinge te gee nie. Christus se woorde aan die hebsugtige ryk man wat, alhoewel hy deur die Here geseën was, opgegaan en opgegaan het, behoort ons met vrees vir God te vervul: “‘Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s’n sal dit wees?’ So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie” (*Lukas 12:20, 21*). Om God en geld te aanbid, is onverenigbaar. Dis òf die een, òf die ander, God of Mammon. Indien ons dink ons kan altwee hanteer, fantaseer ons, want om ‘n dubbele lewe te lei, sal dit ons vroeër of later inhaal. Ons mag miskien die mense om ons bedrieg, miskien nog onself ook, maar nie vir God nie, want eendag sal ons aan Hom rekenskap moet gee. Ons moet ‘n keuse maak en hoe langer ons talm, verskonings maak of uitstel, hoe sterker sal geld en die liefde daarvoor ‘n houvas op ons lewe hê. Geloof vereis ‘n besluit. Wat ons besluit soveel makliker behoort te maak, is om te fokus op wie God is, wat Hy vir ons gedoen het, en wat ons Hom skuld.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 20 Januarie.*

Christus, die Skepper

Lees Génesis 1:1; Psalm 33:6–9; Jesaja 45:11, 12; Jeremia 51:15; en Johannes 1:3. **Wat vertel hierdie verse ons oor hoe goed die materiële wêreld geskape was?**

“Dit was Christus wat die hemelgewelf gespan en die fondament van die aarde gelê het. Dit was Sy hand wat die wêreld in die ruimte gehang en die blomme van die veld geformeer het. Dis Hy wat die berge grondwes deur Sy krag. Aan Hom behoort die see wat Hy self gemaak het (*Psalm 65:7; 95:5*). Dit is Hy wat die aarde met skoonheid en die lug met sang vervul het. Op alles op aarde en in die lug het Hy die boodskap van die Vader se liefde geskryf.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 12.

Materiële dinge, opsigself, is nie boos nie. Anders as sommige godsdienste wat leer dat die materialistiese wêreld en materie self sleg en boos is en dat net geestelike dinge goed is, gee die Bybel waarde aan die materialistiese wêreld. Jesus het, per slot van rekening, self die wêreld geskep. Hoe kan dit dan boos wees? Ongelukkig kan dit, net soos met al God se ander gawes, verdorwe wees en vir bose doeleindes gebruik word, maar dit maak nie die oorspronklike gawe boos nie. Die Bybel waarsku teen die misbruik en verleiding van die dinge wat God in hierdie wêreld geskep het, maar nie teen die dinge self nie.

Inteendeel, God het die materiële wêreld geskep, en Hy wou hê Sy volk moes die vrugte en voorregte van hierdie wêreld geniet: “En jy moet vrolik wees oor al die goeie dinge wat die HERE jou God jou en jou huis gegee het; jy en die Leviet en die vreemdeling wat by jou is” (*Deuteronómium 26:11; sien ook Deuteronómium 14:26*). Jesus is die Skepper (*Johannes 1:1–3*), en die aarde is maar net ‘n klein deeltjie van wat Hy gemaak het. Sy kreatiewe vermoë gee Hom ‘n unieke perspektief van die lewe self en van hulle wat op die aarde woon. Hy ken die waarde van materiële dinge, en weet dat Hy dit vir ons gegee het om te benut en selfs te geniet. Hy weet ook wat gebeur wanneer die mensdom daardie gawes misbruik, of selfs die gawes as ‘n doel opsigself sien terwyl, soos met alle dinge, dit bedoel was om God te verheerlik.

Kyk om jou en sien die ongelooflike geskenke in die geskape wêreld raak. Selfs nadat sonde dit verniel het, kan ons nog die ingebore goedheid in so baie daarvan sien. Wat sê die skepping met sy mooiheid aan ons oor die goedheid van ons Skepper?

Seun van God of Seun van die mens

Ons as Christene glo dat Jesus ten volle God en ten volle mens was. Hierdie samesmelting van die Goddelike met die mensheid maak Sy perspektief uniek van wat belangrik op aarde is en wat belangrik vir die ewigheid is. Omdat ons nie kan verstaan hoe Hy Goddelik en menslik kan wees nie, vernietig ons onvermoë nie hierdie waarheid nie, net soos wanneer iemand se onvermoë om lugdinamika te verstaan, nie kan veroorsaak dat 'n vliegtuig nie vlieg nie. “Hier is twee verborgenhede vir die prys van een — die meervoudigheid van persone in die drie-eenheid van God, en die eenheid van die Godheid en die mensheid in die persoon van Jesus . . . Niks in die wêreld van fiksie is so fantasties as hierdie waarheid van die vleeswording van Jesus nie.” — J. I. Packer, *Knowing God* (Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press, 1973), bl. 53, (*vrye vertaling*). Een rede hoekom Jesus na hierdie wêreld gekom het, is om aan ons te toon hoe liefdevol en

sorgsaam God is, en hoeveel Hy vir elkeen van ons omgee. Jesus het ons hemelse Vader se ware karakter kom openbaar, 'n Godheid wat glad nie koud of afgesonderd is nie. Maar Satan het probeer om die mens van God te skei. Hy het probeer om Hom van Sy persoonlikheid te ontnem, en as iemand voor te stel wat nie vir ons omgee nie. Hy doen alles wat hy kan, deur middel van watter metode ook al, om ons daarvan weg te hou om God beter te leer ken en die werklikheid van Sy goedheid en genade te ondervind. 'n Oordrewe liefde vir materiële dinge werk baie goed vir Satan om sy doel te bereik.

Lees Mattéüs 19:16–22. Wat vertel hierdie verhaal ons oor hoe Satan ons liefde vir materiële dinge kan gebruik om ons van die Here af weg te hou?

Stel jouself voor hoe Jesus self, as God in die vlees, met hierdie jongman wat blykbaar gewet het Jesus is iemand spesiaal, praat. En tog, wat het gebeur? Die jongman het toegelaat dat sy groot rykdom, sy liefde vir materiële dinge, hom geskei het van God self. Die liefde vir die wêreld en vir materiële dinge het hom so blind gemaak dat, alhoewel hy hartseer was, dit nie gehelp het om hom die regte besluit te neem nie. Hy was nie hartseer omdat hy sy besittings sou verloor nie. Hy was hartseer omdat hy sy siel verkoop het om sy aardse besittings te behou.

Of ons ryk of arm is, hoe kan ons seker maak dat ons die regte houding teenoor aardse besittings het?

Christus, die Verlosser

Om skuld te hê, strook nie met hemelse beginsels nie. Maar Adam en Eva het gesondig, en deurdat hulle die wet oortree het, het die dood gevolg. Die mensdom het dus skuldenaars van goddelike geregtigheid geword. Ons was bankrot en geestelik insolvent, met skuld wat ons nooit sou kon betaal nie. God se liefde vir ons het die plan van verlossing in werking gestel. Jesus het ons “borg” geword (*Hebreërs 7:22*). Dit is Christus se identiteit as Verlosser wat die belangrikste transaksie geword het wat nog ooit aangegaan was. Net Sy lewe wat Hy opgeoffer het, kon die vereiste paalement van goddelike geregtigheid betaal het. Jesus het ons skuld van sonde betaal toe geregtigheid met genade by die kruis verenig was. Die heelal het nog nooit sulke rykdom gesien soos die duur prys wat betaal was om die mensdom te verlos nie (*Efés. 5:2*). “... Deur al die rykdom van die hemel op hierdie aarde uit te giet, deur in Christus die hele hemel aan ons te gee, het God die wil, die liefde, die verstand, die siel van elke mens gekoop ...” — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christusns*, bl. 296, (*vrye vertaling*).

Lees elke teksvers en maak ‘n lys waarvan Christus ons gered het: Kolossense 1:13; I Tessalonicense 1:10; I Petrus 1:18; Hebreërs 2:14, 15; Galásiërs 3:13; Openbaring 1:5.

Die Griekse woord *tetelestai* in Johannes 19:30 word as die belangrikste woord beskou wat nog ooit gespreek was. Dit beteken “Dit is volbring,” en is die laaste woorde wat Jesus op die kruis geuiter het. Sy finale verklaring het beteken dat Sy sending suksesvol voltooi was, en dat ons skuld “ten volle betaal was”. Hy het dit nie sonder hoop geuiter nie, maar as iemand wat die verlossing van die hele verlore wêreld suksesvol afgehandel het. Wanneer ons na die kruis kyk sien ons ‘n gebeurtenis wat in die verlede gebeur het, huidigeklik van toepassing is en ‘n toekomstige hoop skep. Jesus het Sy lewe gegee om sonde, die dood, en die duiwel se werke eens en vir altyd te vernietig. Dit beteken dat, alhoewel ons dit nie verdien nie, ons verlos is (*Efésiërs 1:7*). Om die wonder van verlossing te aanskou, is soos om op heilige grond te staan. Christus as Verlosser is die mees verhewe beeld van God. Sy opperste belang is om ons te red. Dit openbaar Sy perspektief van die mensdom en veral hoe belangrik Hy ‘n verhouding met ons ag. Nadat geregtigheid volbring was, het Christus Sy aandag op ons reaksie ten opsigte van Sy offer, gerig.

Dink na: Christus het ons skuld ten volle betaal vir al die sondes wat ons nog ooit gedoen het. Wat moet jou reaksie daarop wees? (Sien Job 42:5, 6.)

‘n Jaloerse God

In Sy konfrontasie met Faraó, het God aangekondig, “Want hierdie keer sal Ek al my plaë in jou hart stuur, en teen jou dienaars en jou volk, dat jy kan weet dat daar niemand op die hele aarde is soos Ek nie” (*Exodus 9:14*).

Wat het die Here bedoel toe Hy gesê het “... dat daar niemand op die hele aarde is soos Ek nie”?

“Dit is onmoontlik vir die beperkte verstand van die mens om die karakter of die werke van die Oneindige te begryp. Vir die skerpsinnigste intellek, vir die magtigste en hoogsontwikkelde verstand, moet daardie heilige Wese altyd in verborgenheid gehul wees.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 698-699, (*vrye vertaling*). God het geen gelyke nie (I Konings 8:60). Hy dink, onthou, en werk op maniere wat ons nie verstaan nie. Maak nie saak watter pogings ons aanwend om Hom na ons beeld te verander nie, God bly God. Hy is die Een wat elke sneeuvlokkie, elke brein, gelaat en individuele karaktereenskappe uniek gemaak het, en daar is “niemand meer nie” (*I Konings 8:60*). Per slot van rekening, Hy is die Skepper, en as Skepper is hy sekerlik bo Sy skepping verhewe.

Wat vertel hierdie teksverse ons oor hoe verskillend God van Sy skepping is? *I Samuel 2:2; Psalm 86:8; Jesaja 55:8, 9; Jeremia 10:10; Titus 1:2.*

Wanneer ons aan alles dink wat God is, alles wat Hy besit, en alles wat Hy doen, is dit ondenkbaar dat Hy mededingers kan hê. En tog het Hy mededingers in dié sin dat Hy moet “meeding” vir die mens se liefde en toewyding. Miskien is dit hoekom Hy sê dat Hy ‘n “jaloerse” God is (*Exodus 34:14*). God het die mens geskape om vry te wees, wat beteken dat ons ‘n opsie het om Hom of om enigiets anders te dien. In baie opsigte was dit nog altyd die mens se hoofprobleem: deur ander gode in watter vorm ook al te dien, in teenstelling met die enige God wat verdien om gedien te word, die Een wat geskep het en die heilal besit. Dit is hoekom Hy inderdaad ‘n jaloerse God is.

Is daar enigiets in jou lewe wat met God meeding om jou volle toewyding te kry?

Ware eienaarskap

Ons behoort aan God deurdat ons beide deur Hom geskape en verlos is. En dis nie net ons wat aan Hom behoort nie, maar ook al ons besittings. Ons besit niks behalwe ons eie keuses nie. In teenstelling hiermee is die hoofbeginsel van die wêreld die gedagte dat ons die eienaars van ons besittings is. Maar, dit is 'n misleiding. Vir Christene om te dink dat hulle die alleen-eienaars van hulle besittings is, is om die teenoorgestelde te glo as wat die Woord van God ons leer. God, en nie ons nie, besit alles (*Job 38:4–11*). Ons is maar net vreemdelinge en bywoners (*Levítikus 25:23*), net soos die Israeliete vreemdelinge in die Beloofde Land was. Ons is selfs van God afhanklik vir ons volgende asemteug (*Handelinge 17:25*). Dit wat ons dink ons besit, behoort aan Hom. Ons is net Sy rentmeesters, en daarom behoort ons enige tasbare en selfs onaantasbare besittings, tot Sy eer te gebruik.

Lees die volgende verse en maak dan 'n lys van wat God besit: *Deuteronomium 10:14; Psalm 50:10; 104:16; Eségiël 18:4; Haggai 2:8; I Korintiërs 6:19, 20*. Wat vertel hierdie teksverse ons oor hoe ons die materiële dinge wat ons het, moet beskou?

“Alles behoort aan God. Die mens kan Sy aansprake ignoreer. Terwyl Hy Sy seëninge mildelik op hulle uitstort, mag hulle dalk Sy gawes selfsugtig vir hulle eie genot gebruik; maar hulle sal moet verantwoording doen vir hulle rentmeesterskap.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 246, (*vrye vertaling*).

God se eienaarskap en ons rentmeesterskap vorm 'n verhouding, een waardeur Hy ons kan gebruik op maniere wat ons vir die hemel sal voorberei, en wat ons en andere sal bevoordeel en tot seën sal wees. Maar ontroue rentmeesters kan die Eienaar se toegang tot Sy eie besittings beperk. Soos ons in gister se les gesien het, forseer God nie Sy wil op ons nie. Hy het ons geskape en gee aan ons besittings in hierdie wêreld om dit namens Hom te hanteer totdat Hy terugkom. Wat ons daarmee doen, weerspieël die tipe verhouding wat ons met Hom het.

Dink na oor wat dit werklik beteken dat jy niks van wat aan jou behoort, besit nie, maar dat dit aan God behoort. Wat sê dit aan jou oor hoe jy behoort te voel oor dit wat jy besit?

Vir verdere studie:

Rentmeesterskap, soos wat ons dit verstaan, het begin toe God vir Adam en Eva in 'n pragtige tuintuiste geplaas het om dit te bewerk en te versorg (*Génesis 2:15*). In hierdie volmaakte omgewing moes hulle die tuin leefbaar maak, 'n taak wat nie te moeilik kon gewees het nie. God het hulle mag gegee om hulle nuwe taak uit te voer, en hulle geleer hoe om hulle nuwe verantwoordelikheid te hanteer. Deur na Eden om te sien sou hierdie nuwe gesin 'n doel gehad het om voor te lewe wat aan hulle geluk sou bring. Die Hebreeuse werkwoord vir “heerskappy” (*Génesis 1:26, 28*) beteken “onderwerp dit en heers” daaroor. Hierdie was, volgens die konteks, nie 'n onsensitiewe heerskappy nie, maar 'n omgee gesag om God se skepping te versorg. Hierdie verantwoordelikheid het nie opgehou nie. In hierdie omgewing moes Adam en Eva leer dat God die Eienaar en hulle Sy bestuurders of rentmeesters was. Van die begin af het God bedoel dat Adam en Eva verantwoordelik en betroubaar moes heers, maar nie as eienaars nie. Hulle moes aan God toon dat hulle hul taak getrou kon uitvoer. “Die tuin van Eden was aan Adam en Eva gegee om dit te versorg. Hulle was daar geplaas ‘om dit te bewerk en te bewaak’. Hulle was gelukkig in hulle werk. Verstand, hart en wil het 'n perfekte eenheid gevorm. Hulle het nie moeg geword of afgesloof gevoel nie. Hulle dae was met nuttige arbeid en samesyn gevul. Hulle beroep was aangenaam. God en Christus het hulle besoek en met hulle gesels. Hulle het volmaakte vryheid geniet . . . God was die eienaar van hulle Edentuiste. Hulle het dit onder Sy leiding bestuur.” — Ellen G. White, *Manuscript Releases*, vol. 10, bl. 327, (*vrye vertaling*).

Vrae vir bespreking:

- 1. Wat leer ons oor ons fundamentele verantwoordelikhede teenoor ons omgewing uit die feit dat God die wêreld besit? Terwyl ons die politiese fanatisme van sommige ekoloë wat selfs so ver gaan om die skepping te aanbid, moet vermy, wat behoort ons as Christene se gesindheid teenoor die versorging van ons omgewing te wees?**
- 2. Dink weer na oor die gedagte dat God 'n “jaloerse” God is. Dis nie altyd 'n maklike konsep om te begryp nie, veral omdat ons as mense jaloesie as iets negatiefs beskou, iets wat vermy moet word. Hoe kan ons dan hierdie gedagte soos wat dit op God van toepassing is, verstaan, sonder om enige van die negatiwiteit waarmee dit in ons gedagte-wêreld gepaard gaan, daaraan te koppel?**
- 3. Hoe kan ons leer om tussen die regte gebruik en genietinge van die fisiese dinge wat God geskep het, en die misbruik daarvan, te onderskei? Hoekom is dit so belangrik om hierdie onderskeid te maak?**